146/84

143/84

JAMES JOHANNES GROEP

EN

DIE STAAT

143/83/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPéLAFDELING)

In die saak tussen:

JAMES JOHANNES GROEP — Appellant

EN

DIE STAAT — Respondent

CORAM: Jansen, Joubert, ARR, Wessels, Galgut et Eloff, Wn ARR

VERHOOR: 5 November 1984

GELEWER: 29 November 1984

---

U I T S P R A A K

WESSELS, Wnd AR

Appellant het in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop voor regter WILLIAMSON en twee assessore op 'n aanklag van moord terreggestaan. Die meerderheid van

die ...........

die hof (die voorsittende regter en een assessor) het bevind dat appellant skuldig is. Dit is voorts bevind dat geen versagtende omstandighede by die pleging van die moord aanwesig was nie, en appellant is gevolglik ter dood veroordeel. Die voorsittende regter het aan appellant verlof verleen om na hierdie hof te appelleer.

Die oorledene, 'n 52-jarige Kleurlingman, het op 12 Desember 1982 gesterf as gevolg van bloedverlies veroorsaak deur 'n snywond aan sy keel wat, onder meer, 'n groot slagaar afgesny het. Uit die oorkonde blyk dit dat die oorledene in die voorhuis van Ann Jansen te 271 Klipfontein-Sendingstasie, Philippi, in die buitewyke van Kaapstad met 'n mes aangerand is terwyl hy op 'n bankie

gerus het. Hy was blykbaar genooi om sy middagete daar te nuttig.

Die enigste getuienis wat appellant as die aanrander uitken is dié van 'n Kleurlingseun, Jakoof de Villiers, wat 12 jaar oud was toe hy getuig het. Die verhoor het op 8 Desember 1983 plaasgevind, en hy was dus 11 jaar oud toe oorledene vermoor is. Hy het, onder meer, getuig dat hy 'n skoolgaande kind is en in standerd drie was. Gedurende die betrokke namiddag was Jakoof op pad na sy huis om sy trui te gaan haal. Om by sy huis te kom moes hy verby Ann Jansen se huis stap. Oor wat hy waargeneem het toe hy by Ann Jansen se huis verby gestap het, getuig Jakoof soos volg tydens hoofondervraging.

"Nou ...............

"Nou maar goed, toe jy nou daar by die hui stap, wat hoor jy toe? ... Ek hoor soos iemand wat se mond toegedruk is met die hand.

Sê weer en sê lekker hard? ... Ek hoor soos iemand wat se mond toegedruk is met die hand, meneer.

Jy hoor soos iemand wat se mond met die hand toegedruk is? ... Ja, meneer.

Maar as ek nou my hand voor my mond sit dan hoor ek niks. ... hy het geskreeu.

Ekskuus? ... So. (Getuie demonstreer).

Wat sê jy, wat het gebeur? ... Hy het geskree, meneer.

WILLIAMSON R: O jy het gehoor iemand skree? ... Ja meneer.

Maar dit klink of daar 'n hand oor die mond? ... Ja meneer.

Wat maak jy toe jy nou die geluid hoor? Of laat ek eers vir jou so vra, waarvandaan af kom die geluid? ... Die geluid kom van Aunt Antjies se huis af.

En wat maak jy toe jy die geluid hoor? ... Ek gaan nader, maar toe ek sien James Groep kom uit toe hardloop ek agter 'n bossie meneer.

Ja, wag nou net. Ons vat dit weer 'n bietjie stadig. Wat sê jy wat doen jy toe jy die geluid hoor? ... Toe hardloop ek nader.

Nader waarnatoe? ... Na die huis toe meneer.

Na die huis toe? Terwyl jy besig was om nader te gaan, wat het jy gesien? ... Toe het James Groep met die mes uitgekom, toe vee hy dit aan sy broek af en toe stap hy weg, meneer.

Jy sê toe jy nader gaan toe sien jy vir? ... Vir James.

Wie? ... James.

James? Sien jy hom vandag hierso? ... Ja meneer.

Waar is hy? ... Daar reg voor meneer.

Die beskuldigde? Waar het jy vir James gesien? ... Uit Aunt Antjies se huis uitkom meneer.

Ekskuus? Sê hard. ... Uit Aunt Antjies se huis uitkom.

WILLIAMSON R: Is dit die voordeur of die agterdeur of waar? ... Die voordeur meneer.

MNR VAN WYK: Was hy besig om iets te

doen ........

doen of het hy net daar uitgestap gekom? ... Hy het uitgestap gekom en die mes afgevee aan sy broek en in sy sak gesit.

Vertel vir die Hof wat het hy gedoen? ... Hy het uitgekom met die mes en die bloed aan sy broek afgevee en in sy sak gesit en hy het weggestap.

WILLIAMSON R: Jy sê hy vee 'n mes op sy broek af? ... Ja meneer.

Het jy die mes gesien? ... Ja meneer.

En toe hy klaar afgevee het wat maak hy? ... Toe stap hy weg meneer.

Waar sit hy die mes? ... In sy sak, meneer.

Watter sak? ... Die kant se sak.

Jy wys die regterkant se sak? ... Ja meneer.

Toe stap hy weg? ... Ja meneer.

MNR VAN WYK: Wat maak jy toe? ... Wat ek sien hy dinges meneer, toe gaan ek oor die pad om vir Aunt Antjies te gaan roep, want ek kan ook nie in haar huis nie, toe wil ek haar gaan sê ek het gesien James kom uit die huis met die mes en die bloed van sy broek afgevee,

toe ...............

toe is sy nie daar nie en toe wat ek terugkom toe is sy daar.

Jy sê waarheen het jy gegaan? ... Na Aunt Antjies se dogter.

Na Aunt Antjies se dogter toe? ... Ja.

Hoekom het jy soontoe gegaan, wat wou jy daar gaan maak? ... Want Aunt Antjies is altyd daar by die dogter, meneer.

WILLIAMSON R: Het jy vertel vir haar wat jy gesien het? ... Ja meneer.

MNR VAN WYK: Het jy haar gekry daar? ... Ja meneer.

Vir Aunt Antjies daar by haar dogter gekry? ... Nee, meneer. Toe ek terugkom toe is Aunt Antjies by die huis.

So jy gaan na Aunt Antjies se dogter toe om haar te gaan soek? ... Ja.

Het jy haar daar gekry? ... By Aunt Antjies se dogter?

Ja? ... Nee meneer.

Toe van haar dogter af, waarheen gaan jy toe? ... Toe gaan ek weer na haar huis toe, meneer.

Na Aunt Antjies se huis toe? ... Ja meneer.

En ............

En toe jy daar kom? ... Toe was Aunt Antjies daar meneer.

Toe was Aunt Antjies daar? ... Ja meneer.

Jakoof kan jy op 'n horlosie kyk? ... Nee meneer.

Nie? Kan jy miskien vir die Hof sê, kan jy enige aanduiding van tyd gee, hoe lank dit vir jou gevat het vandat jy nou die beskuldigde daar uit die huis uit sien kom het totdat jy weer teruggekom het by die huis én toe vir Aunt Antjies daar by die huis gekry het? ... 'n Paar minute meneer.

'n Paar minute? Weet jy hoe lank 'n minuut is? ... Ja, meneer, sestig sekondes.

James Groep, die beskuldigde, het jy hom geken voor hierdie dag? ... Ja meneer.

Waarvandaan ken jy hom? ... Van ons daar bly.

Hoe lank is dit? ... Twee jaar terug, meneer.

Ekskuus? ... Twee jaar.

Nou ek is nie seker nie, die dag toe hierdie ding gebeur het, die 12de Desember, hoe lank het jy hom toe al geken? ...

Al lankal meneer.

Het jy hom maar net in die straat gesien of van waar af het jy hom geken? ... Nee meneer, voordat ons daar gebly het het ek hom al geken.

Hoe het dit gebeur dat jy hom leer ken? ... Ek weet self nie meneer. Hy het altyd na my ma toe gekom om 'n entjie te vra.

Ekskuus? ... Hy het altyd na my ma toe gekom om 'n sigaret te vra.

Na jou ma toe gekom om sigarette te vra? ... Ja meneer.

Net eenkeer? ... Nee, meneer, hy het baie sigarette kom vra.

Baie keer? ... Ja.

Hoe ver van hom af was jy toe hy daar by die deur uitgekom het, by die huis se deur? ... Net 'n paar treë weg van hom.

Kan jy wys daar van jou af tot waar toe? ... Hiervandaan tot daar waar daardie man sit, meneer.

Die polisieman hier agter? ... Ja meneer.

WILLIAMSON R: So om en by tien treë. Stem u saam mnr Schwietering?

MNR ............

<u>MNR SCHWIETERING</u>: Ek sou sê om en by tien ja.

<u>MNR VAN WYK</u>: Was daar enige iets wat miskien tussen jou en die beskuldigde was of nie? ... Nee meneer, daar was niks tussen ons nie.

En toe jy nou terugkom by die huis en Aunt Antjies is daar, het jy toe ingegaan in die huis in? ... Ja meneer.

En toe het jy gesien daar lê 'n man op die bank? ... Ja.

Hoe was hy? ... Hy was 'n groot gat hierin meneer.

Groot gat in sy nek beduie jy? ... Ja.

Jy beduie aan die linkerkant van sy nek, is dit reg? ... Ja.

Het jy die man geken wat dood is? ... Nee."

Tydens kruisondervraging het Jakoof gesê dat hy en appellant se seun, Enslin, dikwels by mekaar gespeel het. Sy, Jakoof se huis, en appellant s'n was 'n paar treë weg van mekaar. Ann Jansen se huis was omtrent 10 treë weg

van ..........

van sy (Jakoof) se huis. Jakoof is verwys na die feit dat appellant onskuldig bevind is op 'n aanklag dat hy ene Japie Januarie vermoor het. Hy het gehoor dat mense in die omgewing ontevrede was met die feit dat appellant onskuldig bevind is. Dit is aan hom gestel dat appellant sou getuig dat

> "hy is hier voor die Hof omdat julle mense hom wil doodsweer omdat julle ontevrede is daaroor dat hy losgekom het in die ander saak wat gegaan het oor Japie Januarie se dood."

Jakoof het dit ontken en bygevoeg dat hy en appellant se seun, Enslin, nog steeds goeie vriende is en met mekaar speel. Hy het ook getuig dat appellant hom nog nooit sleg behandel het nie. Voorts het hy gesê dat hy te bang was om met

appellant ..........

appellant te praat toe hy laasgenoemde met 'n bloedbesmeerde mes in sy hand gesien het. Hy het ook getuig dat appellant 'n bietjie "dronkerig" gelyk het toe hy Ann Jansen se huis verlaat het. Ann Jansen het in haar getuienis verwys na die ontevredenheid wat in hulle omgewing geheers het toe appellant in verband met Japie Januarie se dood onskuldig aan moord bevind is.

Ann Jansen het voorts getuig dat sy voor middagete by 'n vriend gekuier het, en dat haar "man" (Johannes Stevens) haar daar vertel het dat oorledene reeds vir middagete opgedaag het. Sy het nog vir 'n tydjie gekuier en toe na haar huis teruggekeer. Sy het oorledene op die rusbank gesien lê en hom geroep. Hy het gelê asof hy slaap, en sy

het ...........

het gesien dat sy oë "halfpad" oop was. Sy het haar "man", wat buite die deur gestaan het, geroep. Hy het die kamer binne gekom en toe waargeneem dat oorledene dood was. Daar was 'n groot "dam" bloed voor die rusbank. Daar was geen tekens van 'n bakleiery nie. Sy het gesê dat hy gelê het met sy linkerhand onder sy kop "soos een wat slaap".

Johannes Stevens se getuienis het weinig lig gewerp op die omstandighede waaronder oorledene met noodlottige gevolge aangerand is. Toe oorledene voor middagete by die huis opgedaag het, het Stevens uitgegaan om vir Ann Jansen te roep. Hy getuig dat toe hy die huis verlaat het, het oorledene op die rusbank gelê. Hy be-

vestig ..........

vestig Ann Jansen se getuienis oor wat die toestand was toe hulle by die huis aangekom het.

Appellant het onder eed getuienis afgelê en ontken dat hy vir oorledene met 'n mes aangerand het. Hy was die betrokke Sondag alleen by die huis; sy vrou het die naweek by haar moeder gekuier. Vroeg die oggend was hy besig om sy middagmaal voor te berei toe hy opgelet het dat die oorledene verby sy huis stap. Na hy sy kos voorberei het, het hy na Ann Jansen se huis gestap en van daar na 'n sogenaamde smokkelhuis gegaan waar hy gedrink en domino gespeel het. Later het die oorledene by hulle aangesluit. Daar was geen onenigheid hoegenaamd nie. Teen ongeveer 13h00 het hy huis toe gegaan om te eet. Toe hy vertrek

het ........

het was die oorledene nog in die smokkelhuis. Ná hy sy kos geëet het, het hy besluit om Swartmense by die Cross Roads plakkerskamp te besoek. Op pad soontoe het Jakoof by hom verby gestap in die rigting van sy huis (dit is Jakoof s'n). Dit was ver van Ann Jansen se huis. By Cross Roads het hy saam met die Swartmense gedrink. Hy weet nie wie die eienaar van die Smokkelhuis is nie, en het ook nie bekendes daar ontmoet nie. Later, op pad huis toe, het 'n groep mense, waaronder ene Norman, hom voorgekeer en hom daarvan beskuldig dat hy die oorledene vermoor het. Hulle het hom aangerand. 'n Man, wat gesê het dat hy 'n speurder was, het tussenbeide getree en te kenne gegee dat hy appellant na die polisiestasie te Philippi sou neem. Appellant is toe na die polisiestasie geneem waar hy aange-

hou ............

hou is. In verband met die Japie Januarie-saak het appellant getuig dat hy vrygespreek is omdat bevind is dat hy in noodweer opgetree het. Die gemeenskap was ontevrede met hierdie bevinding van die verhoorhof. Om daardie rede wou die mense hom in verband met oorledene se moord "doodsweer".

Dit is in hoër beroep namens appellant betoog dat Jakoof nie alleen 'n enkel getuie nie, maar ook 'n jeugdige van 11 jaar oud was toe hy die gebeure waaroor hy getuig het sou waargeneem het. Dit is betoog dat sy getuienis met die grootste omsigtigheid benader moes gewees het. Die benadering van die meerderheid van die hof a quo blyk uit die volgende passasie in die uitspraak:

"Looking ............

"Looking at the total picture we are convinced that there is no reasonable possibility of mistaken identity. We are likewise convinced that there is no reasonable possibility of Jacoef either on his own initiative or at the instigation of others deliberately incriminating a man he knows is innocent, a man who is his neighbour and with whose son he regularly plays. Jacoef was totally convincing as a witness, and even making every allowance for his tender years and the suggestibility of youth we are nevertheless satisfied he is truthful and reliable. So also Ann Jansen who was most impressive. On her evidence Jacoef came straight out with everything, and it is inconceivable that if what she says is true, there was time for him to be persuaded to wrongly incriminate the neighbour he knew so well. If it was a deliberately false incrimination of the accused then she too must have been in on the plot. Having seen her and the very fair way she gave evidence we are

convinced ......

convinced that any such suggestion lacks all credulity.
The people we saw giving evidence are just not the sort of people capable of either conceiving or seeing through such a devilish plan."

Wat die appellant betref word die volgende in die uitspraak gestel:

"The accused's version _in vacuo_ is obviously a story that could reasonably possibly be true. _In vacuo_ there are no inherent improbabilities in it. There is also the problem of there being no known motive for the accused to kill the deceased. But no story can properly be evaluated _in vacuo_. It must be judged in the light of all the cicumstances of the case. One of the circumstances is that in the view of all three of us the accused was a most unconvincing witness. He is obviously reasonably intelligent and well-spoken, but there was something about his manner and attitude in the witness-

box ............

box which filled all of us with the deepest suspicion.

It is true that demeanour can be a very unsafe guide - see Hoffmann and Zeffert, SA Law of Evidence, 3rd edition, pages 476/7 - and we are deeply concious of the need to be particularly careful on this score. However I would be failing in my duty if I did not express the very strong feeling of untrustworthiness which the accused's demeanour aroused. He was shifty and ill at ease and while his words said one thing his eyes spoke another. His voice and intonation lacked all conviction. It was as if he himself did not believe what he was saying. I know that this is intangible and that we do not know what his normal behaviour is like. Maybe he is normally a shifty-eyed sort of person whose statements lack conviction. We have searched our consciences to see whether we are not perhaps doing him an injustice in this regard, yet we cannot escape the overwhelming reality of our conviction

that ...........

> that his demeanour is that of a lying witness. This adverse finding as to demeanour is one which should not play too great a role and we therefore regard it not as the cardinal factor but as one of the factors which has some weight, though not a very great one."

Vir sover gesuggereer is dat Jakoof beïnvloed kon gewees het om appellant as die moordenaar aan te wys moet onthou word dat Jakoof kort na die voorval die identiteit van die moordenaar aan sowel Ann Jansen as die polisie bekend gemaak het, en dat daar dus geen geleentheid was vir iemand om Jakoof te beïnvloed om die onskuldige appellant valslik by die moord te betrek nie.

Ek is nie in hoër beroep oortuig dat die meerderheid van die hof a quo in enige opsig gefouteer het met die

bevinding dat appellant die oorledene vermoor het nie.

Die appèl word derhalwe afgewys.

P J WESSELS, Wnd AR

JANSEN, AR<br>
JOUBERT, AR<br>
GALGUT, Wnd AR<br>
ELOFF, Wnd AR } Stem saam